# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Die verteller word allerweë beskou as 'n onderliggende teen=woordigheid in die epiek. In teenstelling met ander vertellings is dié instansie in die ek-vertelling identifiseerbaar en maak hy dikwels 'n opsigtelike deel van sy verhaal uit. Hierdie verskynsel het interessante teoretiese implikasies wat veral in Afdeling A ter sprake sal kom.

Die ek-vertelling bied die moontlikheid, veral waar die vertel=instansie oor homself vertel, om die broodnodige onderskeid tussen verteller en fokalisator, die *who speaks* en die *who sees* van Genette, te maak. Omdat die twee instansies dikwels onder die een naam *verteller* saamgebind word, kom absurde tiperings soos *hy-verteller* vandag nog wydverspreid in teoretiese geskrifte voor. Om die rede (en om my eie uitgangspunt te verklaar) is dit nodig om die verwarring op te klaar. Ek doen dit aan die hand van Genette wie se tipologie ook ruimte bied vir die uitsonderlike literêre struktuur.

Die kinder-ek-verteller word gekies as gevolg van sy eiesoortigheid - dit impliseer bepaalde voor- en nadele wat veral in Hoofstuk 3 ter sprake kom. Die optrede van 'n kinder-ek-verteller in 'n prosawerk waarvan die waarskynlike leser onvolwasse is, is ook weer onderhewig aan andersoortige *beperkinge* wat insgelyks in dié hoofstuk behandel word. Om die verskil uit te wys word kortliks na die funksionering van die kinder-ek-verteller in <u>Die Betlehem-ster</u> van Henriette Grové verwys waar die waarskynlike leser volwasse is.

Die algemene opvatting dat 'n ek-vertelling, tematies normaalweg verband hou met die eksistensiële krisis van die enkeling, word hier nog eens in oënskou geneem. Daar word aangetoon dat die graad van teenwoordigheid van 'n verteller sowel as die aandag wat ôf verteller ôf fokalisator kry 'n veelheid van perspektiewe in die ek-vertelling open. Hierdie feit word ook aan die hand van die novelles in Afdeling B tuisgebring.

In hierdie studie funksioneer Afdeling A as noodsaaklike agter=grond vir Afdeling B waarin drie literêre tekste van nader beskou word. In Afdeling A, veral Hoofstuk 1, word die teoretiese begronding verskaf waarmee in Afdeling B gewerk sal word. In die tweede hoofstuk word veral gekyk na die kriteria wat gebruik word om te onderskei tussen 'n boek waarvan die leser waarskynlik onvolwasse is en 'n boek met 'n veronderstelde volwasse leser.

Die jeugboek word as studie-onderwerp gekies, primêr as gevolg van 'n persoonlike belangstelling. Hiermee gaan vanselfsprekend gepaard 'n persoonlike verontwaardiging oor die feit dat die kinder- en jeug=boek so stief deur literatore behandel word. Dit is reeds te sien in die swak dekking daarvan in Afrikaanse literatuurgeskiedenisse en die klein hoeveelheid verhandelinge en proefskrifte wat die kinder- en jeugboek as tema het. Van die beperkte hoeveelheid studies handel slegs 'n klein persentasie spesifiek oor die literêre aspek daarvan; die meeste is leserkundig georiënteerd. Hierdie studie wil onder andere nuwe en nodige perspektiewe gee op dié stiefkind van die literatuur.

Afgesien van die jeugboek bestaan daar 'n baie beperkte hoeveelheid studies oor die optrede van die verteller in Afrikaanse literêre tekste. Sover my kennis strek is dit slegs die studie van Karin Malan oor die ek-verteller in die kortkuns van Hennie Aucamp, die studie van P.H. Roodt oor die vertellers in <u>Jaarringe</u> en W.P. van der Merwe se verhandeling oor die kortkuns van Abraham de Vries, waarin hierdie aspek van die epiek breedvoerig ter sprake kom.

Die volgende drie tekste word in Afdeling B behandel:

| | | |
|---|---|---|
| Skrik kom huis toe | (1968) | van Dolf van Niekerk; |
| Woorde is soos wors | (1979) | van Rona Rupert; |
| Boom bomer boomste | (1980) | van Elsabe Steenberg. |

Verskeie redes het aanleiding gegee tot die keuse van die spesifieke tekste. Die belangrikste hiervan is waarskynlik die literêre meriete daarvan. Die laaste twee novelles het beide 'n literêre prys ontvang, Woorde is soos wors saam met Wegloopwinter, die Scheepersprys vir 1980, en Boom bomer boomste die Sanlamprys vir 1980 vir die beste jeugverhaal van daardie jaar. Die feit dat Skrik kom huis toe nie bekroon is nie, is nie 'n vingerwysing na die boek nie. Myns insiens is dit 'n werk wat al die kwaliteite het om as klassiek in Afrikaans bestempel te word.

Die meervoudige perspektiewe van die ek-vertelling kan goed geïllustreer word aan die hand van die drie novelles. Tematies hou die drie werke nou verband, maar as gevolg van die bepaalde hantering van die moontlikhede wat die ek-vertelling bied, kom daar in elkeen iets totaal anders tereg. Die behandeling van die novelles is in die opsig dus illustrasiemateriaal vir wat in die eerste afdeling beweer word.

Met dié keuse word 'n relatief ouer en twee hedendaagse tekste betrek. Die drie novelles oorspan 'n tydperk waarin daar 'n opvallende toename in die voorkoms van die ek-verhaal in Afrikaans was (kyk Barnard, 1973:92). Hierdie tendens is ook sigbaar in die kinder- of jeugboek. Skrik kom huis toe en Rupert se Brandkloof se kinders (1969) en Kato van Brandkloof (1971) dui die begin van 'n toenemende belangstelling in die ek-vertelling in die jeugboek aan. Die oorsake van so 'n tendens is nie werklik hier ter sprake nie, maar wel die nodigheid om die tendens self te bestudeer.

As gevolg van die fundamentele aard van die vertelinstansie kan dit nie as struktuurelement geïsoleer word nie. Dit is weliswaar onmoontlik om enige komponent van die literêre werk volledig af te sonder omdat alle aspekte daarvan met mekaar saamhang. Wat die verteller sê, doen hy byvoorbeeld steeds in terme van tyd en ruimte. As gevolg van dié byna organiese samehang in die literêre teks sal ander fasette daarvan ook in die studie ter sprake kom.

# A F D E L I N G   A

## TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE EK-VERTELLING EN 'N TERREINAFBAKENING RONDOM DIE BEGRIP 'JEUGBOEK'